BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

10c — Vrydag 13 Oktober 1978 — WINDHOEK — Friday 13 October 1978 — No. 3845

INHOUD:

Bladsy

GOEWERMENTSKENNISGEWING:

No. 247 Wysiging van Regulasies Betreffende Natuurbewaring 1

CONTENTS:

Page

GOVERNMENT NOTICE:

No. 247 Amendment of Regulations Relating to Nature Conservation 1

## Goewermentskennisgewing

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer

J. F. GREEBE
*Waarnemende Sekretaris van Suidwes-Afrika*

Administrasie van Suidwes-Afrika
Windhoek

No. 247] [13 Oktober 1978

### WYSIGING VAN REGULASIES BETREFFENDE NATUURBEWARING

Die Uitvoerende Komitee het kragtens artikel 84 van die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1975 (Ordonnansie 4 van 1975), die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 240 van 25 Augustus 1976, soos gewysig, verder gewysig soos in die Bylae uiteengesit.

BYLAE

1. Regulasie 1 word gewysig —

(a) deur na die woordbepaling van "Nasionale Etoshawildtuin" die volgende woordbepaling in te voeg:

## Government Notice

The following Government Notice is published for general information

J. F. GREEBE
*Acting Secretary for South West Africa*

Administration of South West Africa
Windhoek

No. 247] [13 October 1978

### AMENDMENT OF REGULATIONS RELATING TO NATURE CONSERVATION

The Executive Committee has, under section 84 of the Nature Conservation Ordinance, 1975 (Ordinance 4 of 1975) further amended the regulations promulgated by Government Notice 240 of 25 August 1976, as amended, as set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

1. Regulation 1 is amended —

(a) by the insertion of the following definition after the definition of "Etosha National Park":

" "oeseenheid" 'n motorvoertuig wat vir die doeleindes van 'n nagoes gebruik word en beman word deur minstens —

(i) 'n gelisensieerde motorbestuurder;

(ii) 'n skut; en

(iii) minstens een lighanteerder;"; en

(b) deur die woordbepaling van "wildoesspan" deur die volgende woordbepaling te vervang.

" "wildoesspan" 'n wildoesspan wat ingevolge hierdie regulasies as sodanig geregistreer is of voorlopig geregistreer is;".

2. Hoofstuk XII word deur die volgende hoofstuk vervang:

" HOOFSTUK XII

JAG IN DIE NAG VIR KOMMERSIËLE DOELEINDES

119. Die eienaar of huurder van 'n plaas of 'n stuk grond —

(a) wat wild of wildsvleis afkomstig van sodanige plaas mag verkoop —

(i) uit hoofde van die bepalings van artikel 47 van die Ordonnansie; of

(ii) uit hoofde van toestemming wat die Uitvoerende Komitee ingevolge die bepalings van artikel 47 van die Ordonnansie aan hom verleen het; en

(b) aan wie die Uitvoerende Komitee ingevolge artikel 38 van die Ordonnansie toestemming verleen het om ten minste 50 stuks kleinwild of ten minste 20 stuks grootwild gedurende die nag te jag;

mag, behoudens enige andersluidende voorwaarde deur die Uitvoerende Komitee opgelê, 'n wildoesspan wat ingevolge hierdie regulasies geregistreer of voorlopig geregistreer is, in diens neem om bedoelde wild vir of namens hom aldus te jag: Met dien verstande dat al daardie wild aldus gejag moet word binne die tydperk wat deur die Direkteur bepaal en in die toestemming bedoel in paragraaf (b) vermeld word.

120. (1) Enige groep persone wat voornemens is om as 'n wildoesspan op te tree kan by die Uitvoerende Komitee aansoek doen om registrasie as 'n wildoesspan

" "cropping unit" means a motor vehicle used for the purpose of night cropping and manned by at least —

(i) a licensed motor driver;

(ii) a marksman; and

(iii) at least one light operator;"; and

(b) by the substitution for the definition of "game cropping team" of the following definition:

" "game cropping team" means a game cropping team registered or provisionally registered in terms of this regulation:".

2. The following chapter replaces Chapter XII:

"CHAPTER XII

HUNTING AT NIGHT FOR COMMERCIAL PURPOSES

119. The owner or lessee of a farm or piece of land —

(a) who may sell game or game meat coming from such farm —

(i) owning to the provisions of section 47 of the Ordinance; or

(ii) owing to permission granted to him by the Executive Committee by virtue of the provisions of section 47 of the Ordinance; and

(b) to whom the Executive Committee has, by virtue of section 38 of the Ordinance, granted permission to hunt at least 50 head of small game or at least 20 head of big game;

may, subject to any provision to the contrary imposed by the Executive Committee, employ a game cropping team registered or provisionally registered by virtue of these regulations to hunt the said game for him or on his behalf: Provided that all such game be thus hunted within the time determined by the Director and mentioned in the permission referred to in paragraph (b).

120. (1) Any group of persons intending to act as a game cropping team may apply to the Executive Committee to be registered as a game cropping team.

(2) In sodanige aansoek moet —

(a) vermeld word —

(i) die name van al die persone in sodanige groep wat voornemens is om as skuts en die name van al die persone in sodanige groep wat voornemens is om as lighanteerders op te tree;

(ii) die naam van die persoon wat bedoelde groep persone uit hul geledere as spanleier aangewys het; en

(iii) die naam van die persoon wat bedoelde groep persone uit hul geledere as assistent-spanleier aangewys het: Met dien verstande dat indien bedoelde groep uit 6 of meer oeseenhede bestaan, die naam van 1 addisionele assistent-spanleier vir elke volle 3 oeseenhede meer as 3 aldus vermeld moet word; en

(b) besonderhede verstrek word ten opsigte van —

(i) die voertuie waaroor beskik word;

(ii) die gelisensieerde motorbestuurders waaroor vir sodanige voertuie beskik word;

(iii) die vuurwapens waaroor beskik word, met besondere vermelding van die dryfkrag van elke sodanige vuurwapen en die vergrotingsvermoë van die teleskoop waarmee sodanige vuurwapen toegerus is; en

(iv) die ligte waaroor beskik word.

(3) Sodanige aansoek moet deur die persoon wat as spanleier aangewys is, onderteken word en moet by die Direkteur ingedien word.

121. (1) Die Uitvoerende Komitee kan enige aansoek ingevolge regulasie 120 na goeddunke weier of die groep persone wat aldus aansoek doen voorlopig as 'n wildoesspan registreer: Met dien verstande dat die Uitvoerende Komitee nie enige groep persone voorlopig as 'n wildoesspan registreer nie tensy die Uitvoerende Komitee oortuig is dat sodanige groep persone —

(a) uit minstens 3 oeseenhede bestaan; en

(b) oor 'n geskikte spanleier beskik; en

(c) oor 'n geskikte motorvoertuig vir elke skut beskik; en

(d) oor 'n gelisensieerde motorbestuurder vir elke sodanige motorvoertuig beskik; en

(2) In such application —

(a) must be stated —

(i) the names of all the persons in such a group who intend acting as marksmen and the names of all the persons in such a group who intend acting as light operators;

(ii) the name of the person nominated by such group of persons from their midst to be team leader; and

(iii) the name of the person nominated by such group of persons from their midst to be assistant team leader : Provided that, should the said group consist of 6 or more cropping units, the name of 1 additional assistant team leader for each full 3 cropping units more than 3 shall be thus stated; and

(b) details must be supplied in respect of —

(i) vehicles which are available;

(ii) the licensed motor drivers available to drive such vehicles;

(iii) the available firearms, with special mention of the velocity of each such firearm and the magnifying ability of the telescope with which such firearm has been fitted; and

(iv) the lights which are available.

(3) Such application must be signed by the person nominated as team leader and must be submitted to the Director.

121. (1) The Executive Committee may refuse any application by virtue of regulation 120 as it deems fit, or provisionally register as a game cropping team the group of persons making such application: Provided that the Executive Committee does not provisionally register any group of persons as a game cropping team unless it is satisfied that such a group of persons —

(a) consists of at least 3 cropping units; and

(b) has at its disposal a suitable team leader; and

(c) has at its disposal a suitable motor vehicle for each marksman; and

(d) has at its disposal a licensed motor driver for each such motor vehicle; and

(e) vir elke skut beskik oor 'n vuurwapen —

(i) waarvan die koeël by die bek van die loop 'n dryfkrag het wat voldoen aan die bepalings van artikel 42 van die Ordonnansie; en

(ii) wat toegerus is met 'n teleskoop wat minstens 4 maal vergroot; en

(f) vir elke skut beskik oor minstens een skietlamp van minstens 55 watt wat sy lig doeltreffend kan konsentreer tot op 'n afstand van minstens 200 meter; en

(g) vir elke voertuig bedoel in paragraaf (c) beskik oor 'n los amberkleurige flikkerlig wat, wanneer daar gejag word, op so 'n wyse aan die voertuig vertoon kan word dat dit van alle kante sigbaar is.

(2) Die Direkteur reik aan elke wildoesspan wat voorlopig geregistreer word ingevolge hierdie regulasie 'n voorlopige registrasiesertifikaat uit waarin —

(a) die name van die spanleier en elke assistent-spanleier van sodanige wildoesspan;

(b) die naam van elke skut in sodanige wildoesspan;

(c) die naam van elke lighanteerder in sodanige wildoesspan; en

(d) die tydperk, ingevolge subregulasie (3) bepaal, waarvoor sodanige voorlopige registrasie geldig is,

vermeld word.

(3) 'n Voorlopige registrasie ingevolge hierdie regulasie is geldig vir die tydperk wat die Uitvoerende Komitee bepaal: Met dien verstande dat enige tydperk aldus bepaal nie 2 maande mag oorskry nie.

(4) Elke registrasie kragtens hierdie regulasie is onderworpe aan die voorwaarde dat die wildoesspan wat aldus geregistreer is, slegs onder toesig van 'n natuurbewaarder mag optree wanneer hy wild ingevolge hierdie Hoofstuk jag.

122. (1) Die Uitvoerende Komitee laat elke wildoesspan wat voorlopig geregistreer is ingevolge regulasie 121, voor die verstryking van die geldigheid van sodanige voorlopige registrasie toets ten einde te bepaal of sodanige wildoesspan en die skuts en lighanteerders daarin, voldoen aan die vereistes vir registrasie ingevolge hierdie regulasies.

(e) for every marksman has at its disposal a fire-arm —

(i) of which the bullet has, at the mouth of the barrel, a velocity which complies with the provisions of section 42 of the Ordinance; and

(ii) which has been fitted with a telescope which magnifies at least 4 times; and

(f) for every marksman has at its disposal at least one shooting lamp of at least 55 watts which can concentrate its light efficiently up to a distance of at least 200 metres; and

(g) for every vehicle referred to in paragraph (c), has at its disposal a separate amber-coloured flashing-light which, when hunting is in progress, can be displayed on the vehicle in such a way that it is visible from all sides.

(2) To every game cropping team which is provisionally registered by virtue of this regulation, the Director issues a provisional registration certificate in which —

(a) the names of the team leader and every assistant team leader of such game cropping team;

(b) the name of every marksman in such game cropping team;

(c) the name of every light operator in such game cropping team; and

(d) the period of time, determinded by virtue of subregulation (3), for which such provisional registration is valid,

are stated.

(3) A provisional registration by virtue of this regulation is valid for the period which is determined by the Executive Committee: Provided that any period thus determined shall not exceed 2 months.

(4) Every registration under this regulation is subject to the condition that the game cropping team which has been registered as such may act only under the supervision of a nature conservator when hunting game by virtue of this Chapter.

122. (1) The Executive Committee has every game cropping team which has been provisionally registered by virtue of regulation 121 tested before termination of the validity of such provisional registration in order to determine whether such game cropping team and the marksmen and light operators in it meet the conditions for registration by virtue of these regulations.

(2) Bedoelde toets word uitgevoer —

(a) deur 'n beampte of beamptes van die Afdeling Natuurbewaring en Toerisme deur die Direkteur aangewys; en

(b) op 'n datum of datums wat die Direkteur in oorleg met die spanleier van die betrokke wildoesspan bepaal, welke datum of datums voor die verstryking van die geldigheid van sodanige voorlopige registrasie moet wees.

(3) Indien die Uitvoerende Komitee op grond van die verslae oor bedoelde toets wat aan hom voorgelê is, oortuig is dat sodanige wildoesspan —

(a) beskik oor 'n geskikte spanleier;

(b) beskik oor minstens 3 skuts wat in staat en bevoeg is om —

(i) met behulp van kunsmatige lig te onderskei tussen verskillende soorte wild;

(ii) minstens 95% kop- en nekskote in die nag te skiet;

(iii) toestande wat akkuraatheid beïnvloed te bepaal en daarvoor te korrigeer;

(iv) wildkarkasse doeltreffend te bloei en onder veldtoestande die ingewande daarvan higiënies te verwyder en die karkas weer higiënies toe te maak; en

(v) vuurwapens veilig te hanteer;

(c) vir elke skut bedoel in paragraaf (b) beskik oor minstens een lighanteerder wat in staat en bevoeg is om —

(i) wild met behulp van kunsmatige lig op te spoor en tot stilstand te dwing;

(ii) met behulp van kunsmatige lig te onderskei tussen verskillende soorte wild; en

(iii) wildkarkasse doeltreffend te bloei en onder veldtoestande die ingewande daarvan higiënies te verwyder en die karkas weer higiënies toe te maak;

(d) in staat en bevoeg is om as 'n eenheid doeltreffend en veilig op te tree wanneer hulle jag; en

(e) beskik oor die toerusting vermeld in paragrawe (c), (d), (e) en (f) van subregulasie (1) van regulasie 121,

(2) The test referred to is carried out —

(a) by an officer or officers of the Nature Conservation and Tourism Division appointed by the Director; and

(b) on a date or dates determined by the Director in collaboration with the team leader of the game cropping team concerned, which date or dates must be prior to the termination of validity of such provisional registration.

(3) If the Executive Committee is satisfied, on account of the reports concerning the tests referred to which have been submitted to it, that such game cropping team —

(a) has a suitable team leader at its disposal;

(b) has at its disposal at least 3 marksmen who are able and qualified to —

(i) distinguish between different species of game with the help of artificial light;

(ii) shoot at least 95% head and neck shots at night;

(iii) determine conditions which influence accuracy and to adjust for them;

(iv) efficiently bleed game carcases, remove their intestines hygienically under veld conditions and hygienically close the carcass once more; and

(v) safely handle firearms;

(c) for each marksman referred to in paragraph (b) has at its disposal at least one light operator who is able and qualified to —

(i) locate game and force it to a standstill by means of artificial light;

(ii) distinguish between different species of game by means of artificial light; and

(iii) bleed game carcases efficiently, hygienically remove their intestines under veld conditions and hygienically close the carcass once more;

(d) is able and qualified to act efficiently and safely as a unit when hunting; and

(e) has at its disposal the equipment referred to in paragraphs (c), (d), (e) and (f) of subregulation (1) of regulation 121,

keur die Uitvoerende Komitee die registrasie van sodanige wildoesspan en van elke skut en lighanteerder in sodanige wildoesspan goed.

(4) Wanneer die Uitvoerende Komitee die registrasie van 'n wildoesspan goedgekeur het —

(a) teken die Direkteur —

(i) die naam van sodanige wildoesspan;

(ii) die name van die spanleier en elke assistent-spanleier van sodanige wildoesspan;

(iii) die name van al die skuts in sodanige wildoesspan wat by 'n toets ingevolge hierdie regulasie voldoen het aan die vereistes uiteengesit in subregulasie (3)(b); en

(iv) die name van al die lighanteerders in sodanige span wat by 'n toets ingevolge hierdie regulasie voldoen het aan die vereistes uiteengesit in subregulasie (3)(c),

aan in 'n register wat hy vir dié doel byhou,

(b) reik die Direkteur —

(i) aan die wildoesspan 'n registrasiesertifikaat uit waarin die besonderhede bedoel in paragraaf (a) vermeld word; en

(ii) aan elke persoon wie se naam ingevolge paragraaf (a)(iii) of (iv) in die register bedoel in paragraaf (a) aangeteken is 'n sertifikaat uit waarin —

(aa) sy naam;

(bb) die naam van die wildoesspan waarvan hy 'n lid is; en

(cc) die hoedanigheid waarin hy mag optree,

vermeld word.

(5) 'n Sertifikaat wat ingevolge subregulasie (4)(b)(ii) aan 'n persoon uitgereik is, magtig sodanige persoon om in die hoedanigheid vermeld in sodanige sertifikaat op te tree as lid van enige ander wildoesspan as dié vermeld op sodanige sertifikaat: Met dien verstande dat indien so 'n persoon permanent toetree tot enige ander wildoesspan as dié vermeld op sodanige sertifikaat, hy die Direkteur skriftelik daarvan in kennis moet stel en bedoelde sertifikaat aan die Direkteur moet voorlê vir endossement dienooreenkomstig.

the Executive Committee approves the registration of such game cropping team and of each marksman and light operator in such game cropping team.

(4) When the Executive Committee has approved the registration of a game cropping team —

(a) the Director enters —

(i) the name of such game cropping team;

(ii) the names of the team leader and each assistant team leader of such game cropping team;

(iii) the names of all the marksmen in such game cropping team who have during a test by virtue of this regulation met the conditions set out in subregulation (3)(b); and

(iv) the names of all the light operators in such team who have during a test in accordance with this regulation met the conditions set out in subregulation (3)(c),

in a register he keeps for this purpose,

(b) the Director issues —

(i) a registration certificate, in which the details referred to in paragraph (a) are stated, to the game cropping team; and

(ii) to every person whose name has been entered in the register referred to in paragraph (a)(iii) or (iv), a certificate in which

(aa) his name;

(bb) the name of the game cropping team of which he is a member; and

(cc) the capacity in which he may act,

are stated.

(5) A certificate issued to a person by virtue of subregulation (4)(b)(ii) authorises such person to act in the capacity referred to in such certificate as a member of any game cropping team other than that stated on such certificate: Provided that, should such a person permanently join any game cropping team other than that stated on such certificate, he shall notify the Director thereof in writing and shall submit the certificate referred to the Director for endorsement to this effect.

123. (1) Die leier van 'n wildoesspan mag slegs met die goedkeuring van die Uitvoerende Komitee vervang word.

(2) Wanneer —

(a) enige assistent-spanleier van 'n wildoesspan vervang word; of

(b) enige skut of lighanteerder van 'n wildoesspan permanent uit sodanige wildoesspan tree; of

(c) iemand permanent tot 'n wildoesspan toetree as skut of as lighanteerder,

moet die spanleier van sodanige wildoesspan, behoudens die bepalings van subregulasie (3), die Direkteur skriftelik daarvan in kennis stel en die registrasiesertifikaat of voorlopige registrasiesertifikaat wat aan sodanige wildoesspan uitgereik is, by die Direkteur indien vir endossement dienooreenkomstig.

(3) (a) Wanneer iemand wie se naam nie in 'n registrasiesertifikaat of 'n voorlopige registrasiesertifikaat vermeld word nie, tot 'n wildoesspan wil toetree, moet die spanleier van sodanige wildoesspan skriftelik by die Uitvoerende Komitee aansoek doen om die toelating van sodanige persoon tot sodanige wildoesspan.

(b) In sodanige aansoek moet vermeld word —

(i) die naam van die betrokke persoon, en of hy van voorneme is om op te tree as skut of as lighanteerder; en

(ii) indien die betrokke persoon voornemens is om as skut op te tree, of die span vir bedoelde voornemende skut beskik oor die toerusting vermeld in paragrawe (c), (d), (e) en (f) van subregulasie (1) van regulasie 121.

(c) Die Uitvoerende Komitee kan enige aansoek ingevolge hierdie subregulasie na goeddunke weier of die persoon om wie se toelating aansoek gedoen word voorlopig as lid van 'n wildoesspan toelaat: Met dien verstande dat —

(i) niemand as skut aldus toegelaat word nie tensy die Uitvoerende Komitee oortuig is dat die betrokke wildoesspan vir sodanige persoon beskik oor die toerusting vermeld in paragrawe (c), (d), (e) en (f) van subregulasie (1) van regulasie 121;

123. (1) The leader of a game cropping team may be replaced only with the approval of the Executive Committee.

(2) When —

(a) any assistant team leader of a game cropping team is replaced; or

(b) any marksman or light operator of a game cropping team permanently leaves such game cropping team; or

(c) someone permanently joins a game cropping team as a marksman or light operator,

the team leader of such game cropping team shall, subject to the provisions of subregulation (3), notify the Director thereof in writing, and submit the registration certificate or provisional registration certificate issued to such game cropping team to the Director for endorsement to this effect.

(3) (a) When somebody whose name does not appear on a registration certificate or provisional registration certificate desires to join a game cropping team, the team leader of such game cropping team shall apply in writing to the Executive Committee to have such person admitted to such game cropping team.

(b) In such application must be stated —

(i) the name of the person concerned, and whether he intends to act as a marksman or light operator; and

(ii) if the person concerned intends acting as a marksman, whether the team has at its disposal for the said intending marksman the equipment referred to in paragraphs (c), (d), (e) and (f) of subregulation (1) of regulation 121.

(c) The Executive Committee may refuse any application by virtue of this subregulation as it deems fit, or provisionally admit as a member of a game cropping team the person for whose admittance application is made: Provided that —

(i) no-one is thus admitted as a marksman unless the Executive Committee is satisfied that the game cropping team concerned has at its disposal for such person the equipment mentioned in paragraphs (c), (d), (e) and (f) of subregulation (1) of regulation 121;

(ii) hoogstens —

(aa) twee persone wat as skuts aldus toegelaat is;

(bb) vier persone wat as lighanteerders aldus toegelaat is,

tegelykertyd sodanige lede van so 'n wildoesspan mag wees.

(d) Indien iemand ingevolge hierdie regulasie voorlopig toegelaat word as lid van 'n wildoesspan, reik die Direkteur aan die spanleier van sodanige wildoesspan 'n sertifikaat uit waarin —

(i) die naam van die betrokke persoon;

(ii) die feit dat hy voorlopig toegelaat is tot die betrokke wildoesspan; en

(iii) die tydperk ingevolge paragraaf (e) bepaal waarvoor sodanige voorlopige toelating geldig is,

vermeld word.

(e) 'n Voorlopige toelating tot 'n wildoesspan ingevolge hierdie regulasie is geldig vir die tydperk wat die Uitvoerende Komitee bepaal: Met dien verstande dat enige tydperk aldus bepaal nie 2 maande mag oorskry nie.

(f) Die Uitvoerende Komitee laat elke persoon wat voorlopig tot 'n wildoesspan toegelaat is voor die verstryking van die geldigheid van sodanige voorlopige toelating toets ten einde te bepaal of sodanige persoon —

(i) indien hy as skut aldus toegelaat is, voldoen aan die kwalifikasies uiteengesit in regulasie 122(3) (b); en

(ii) indien hy as lighanteerder aldus toegelaat is, voldoen aan die kwalifikasies uiteengesit in regulasie 122(3) (c).

(g) Bedoelde toets word uitgevoer —

(i) deur 'n beampte of beamptes van die Afdeling Natuurbewaring en Toerisme deur die Direkteur aangewys; en

(ii) op 'n datum of datums wat die Direkteur in oorleg met die spanleier van die betrokke wildoesspan bepaal, welke datum of datums voor die

(ii) not more than —

(aa) two persons who have thus been admitted as marksmen;

(bb) four persons who have thus been admitted as light operators,

may simultaneously be such members of such a game cropping team.

(d) If someone is provisionally admitted as a member of a game cropping team by virtue of this regulation, the Director issues to the team leader of such game cropping team a certificate in which

(i) the name of the person concerned;

(ii) the fact that he has been provisionally admitted to the game cropping team concerned; and

(iii) the period of time determined by virtue of paragraph (e) for which such provisional admittance is valid,

are stated.

(e) Provisional admittance to a game cropping team by virtue of this regulation is valid for the period which the Executive Committee determines: Provided that any period thus determined shall not exceed 2 months.

(f) The Executive Committee has every person tested who has been admitted provisionally to a game cropping team before the termination of the validity of the said provisional admittance in order to determine whether the said person —

(i) meets the conditions set out in regulation 122 (3) (b), when he has been admitted as a marksman; and

(ii) meets the conditions set out in regulation 122 (3) (c), when he has been admitted as a light operator.

(g) The said test is carried out —

(i) by an officer or officers of the Nature Conservation and Tourism Division nominated by the Director; and

(ii) on a date or dates determined by the Director in collaboration with the leader of the game cropping team concerned, which date or

verstryking van die geldigheid van sodanige voorlopige registrasie moet wees

dates shall be prior to the termination of validity of such provisional registration.

(h) Indien die Uitvoerende Komitee op grond van die verslae oor bedoelde toets wat aan hom voorgelê is, oortuig is dat die persoon wat aldus getoets is —

(i) indien hy 'n skut is, voldoen aan die kwalifikasies uiteengesit in regulasie 122 (3) (b); en

(ii) indien hy 'n lighanteerder is, voldoen aan die kwalifikasies uiteengesit in regulasie 122(3)(c);

keur hy die toelating van sodanige persoon tot die betrokke wildoesspan goed: Met dien verstande dat die Uitvoerende Komitee nie enige sodanige toelating as skut goedkeur nie tensy die betrokke wildoesspan oor die nodige toerusting en minstens een lighanteerder vir sodanige skut beskik.

(h) If on the strenght of the reports concerning the test submitted to it, the Executive Committee is satisfied that the person thus tested —

(i) satisfies the qualifications set out in regulation 122 (3)(b), if he is a marksman; and

(ii) satisfies the qualifications set out in regulation 122(3)(c), if he is a light operator;

it approves the admittance of the said person to the game cropping team concerned: Provided that the Executive Committee does not approve any such admittance as a marksman, unless the said game cropping team has at its disposal the necessary equipment and at least one light operator for the said marksman.

(i) Wanneer die Uitvoerende Komitee die toelating van 'n persoon tot 'n wildoesspan goedgekeur het —

(i) teken die Direkteur die naam van bedoelde persoon ooreenkomstig die hoedanigheid waarin hy tot sodanige wildoesspan toegelaat is, teenoor die naam van sodanige wildoesspan aan in die register bedoel in regulasie 122(4)(a);

(ii) stel die Direkteur die spanleier van die sodanige wildoesspan skriftelik dienooreenkomstig in kennis en versoek hy bedoelde spanleier om die registrasiesertifikaat van sodanige wildoesspan binne die tydperk deur hom bepaal aan hom voor te lê om dit dienooreenkomstig te endosseer; en

(iii) reik die Direkteur aan die persoon wat aldus toegelaat word, 'n sertifikaat uit *mutatis mutandis* ooreenkomstig regulasie 122(4)(b)(ii).

(i) When the Executive Committee has approved the admittance of a person to a game cropping team —

(i) the Director enters in the register referred to in regulation 122(4)(a) the name of the said person according to the capacity in which he has been admitted to the game cropping team concerned opposite the name of such game cropping team;

(ii) the Director accordingly notifies the leader of the game cropping team concerned in writing and requests the said team leader to submit to him within the time specified by him the registration certificate of such game cropping team so as to endorse it accordingly; and

(iii) the Director issues to the person thus admitted a certificate *mutatis mutandis* in accordance with regulation 122 (4)(b)(ii).

124. (1) Die spanleier, of in sy afwesigheid die assistent-spanleier, of indien daar meer as een assistent-spanleier is daardie assistent-spanleier deur die spanleier aangewys, is in beheer van die bedrywighede van 'n wildoesspan wat wild ingevolge hierdie hoofstuk jag.

(2) Die in subregulasie (1) bedoelde spanleier of assistent-spanleier moet, wanneer wild aldus gejag word, toesien dat —

(a) die bepalings van die Ordonnansie en van hierdie regulasies; en

124. (1) The team leader, or in his absence the assistant team leader, or, if there is more than one assistant team leader, the assistant team leader nominated by the team leader, is in control of the activities of a game cropping team hunting game in terms of this chapter.

(2) The team leader or assistant team leader referred to in subregulation (1) shall, when game is being thus hunted, see to it that —

(a) the provisions of the Ordinance and of these regulations; and

(b) die voorwaardes waaraan enige toestemming wat verleen is om sodanige wild aldus te jag, onderworpe is; en

(c) die voorwaardes waaraan die registrasie van sodanige wildoesspan onderworpe is,

streng nagekom word.

(3) Die in subregulasie (1) bedoelde spanleier of assistent-spanleier het die mag om —

(a) die lede van sodanige wildoesspan te belet om terwyl wild aldus gejag word, sterk drank of 'n verdowingsmiddel wat 'n narkotiese uitwerking het te gebruik;

(b) enige lid van sodanige wildoesspan wat, terwyl wild aldus gejag word, na die mening van bedoelde spanleier of assistent-spanleier —

(i) onder die invloed is van sterk drank of 'n verdowingsmiddel wat 'n narkotiese uitwerking het;

(ii) sterk drank of 'n verdowingsmiddel wat 'n narkotiese uitwerking het gebruik in stryd met 'n beletsel wat bedoelde spanleier of assistent-spanleier ingevolge paragraaf (a) opgelê het;

(iii) roekeloosheid of nalatigheid waardeur die veiligheid van lewens of eiendom bedreig word of bedreig kan word, aan die dag lê;

(iv) enige bepaling van die Ordonnansie of hierdie regulasies, of die voorwaardes van die toestemming waarkragtens die wild aldus gejag word of waaraan die registrasie van die betrokke wildoesspan onderworpe is, oortree;

(v) meer as 10% lyfskote skiet,

verbied om verder aan die betrokke nag-oes deel te neem of hom enigsins daarmee te bemoei.

(4) Enige lid van 'n wildoesspan wat 'n wettige opdrag van die in subregulasie (1) bedoelde spanleier of assistent-spanleier of van 'n natuurbewaarder verontagsaam, is aan 'n misdryf skuldig.

(5) (a) Die in subregulasie (1) bedoelde spanleier of assistent-spanleier moet binne 5 dae na enige optrede deur hom ingevolge subregulasie (3)(b) skriftelik by die Direkteur verslag doen oor sodanige optrede.

(b) the conditions to which any approval granted to hunt the said game is subject; and

(c) the conditions to which the registration of such game cropping team is subject

are strictly complied with.

(3) The team leader or assistant team leader in terms of subregulation (1) has the power to —

(a) forbid the members of the said game cropping team to use liquor or drugs having a narcotic effect while thus hunting game;

(b) forbid any member of the game cropping team who, in the opinion of the said team leader or assistant team leader, while thus hunting game —

(i) is under the influence of liquor or drugs having a norcotic effect;

(ii) uses liquor or drugs having a narcotic effect contrary to a ban imposed by the said team leader or assistant team leader in terms of paragraph (a);

(iii) acts in a reckless or negligent manner, thereby jeopardising or possibly jeopardising life or property;

(iv) contravenes any provision of the Ordinance or of these regulations or the conditions of the permission under which the game is being thus hunted or to which the registration of the game cropping team is subject;

(v) shoots a higher percentage of body shots than 10%;

to further take part in the night cropping operations or interfere therewith in any way.

(4) Any member of a game cropping team who disregards a lawful instruction of the team leader referred to in subregulation (1) or of an assistant team leader, or of a nature conservator, is guilty of an offence.

(5) (a) The team leader referred to in subregulation (1) or assistant team leader shall, within 5 days of any action by him by virtue of subregulation (3)(b), report to the Director in writing concerning such action.

(b) Die verslag bedoel in paragraaf (a) moet volledige besonderhede bevat betreffende die oorsake wat aanleiding tot sodanige optrede gegee het.

(6) Die spanleier van 'n wildoesspan moet binne 10 dae na afloop van 'n nag-oes 'n opgaaf aan die Direkteur verstrek waarin vermeld word —

(a) die fabrikaat en registrasienommer van elke voertuig wat daarvoor gebruik is;

(b) die afstandmeterlesing van elke sodanige voertuig aan die begin en aan die einde van die nag-oes;

(c) die naam van elke persoon wat as bestuurder van of as skut, lighanteerder of helper op elke voertuig bedoel in paragraaf (a) aan die nagoes deelgeneem het;

(d) die plek waar die nag-oes plaasgevind het en die tydsduur daarvan asook die nommer van die permit waardeur die nag-oes gemagtig is;

(e) ten opsigte van elke skut bedoel in paragraaf (c) —

(i) die kaliber van elke vuurwapen wat deur sodanige skut gebruik is en die aantal patrone wat met elke sodanige vuurwapen afgevuur is;

(ii) die totale aantal bokke wat deur sodanige skut geskiet is; en

(iii) die aantal —

(aa) kopskote;

(bb) nekskote;

(cc) lyfskote,

wat deur sodanige skut geskiet is;

(f) met betrekking tot elke bok wat deur elke skut bedoel in paragraaf (c) geskiet is —

(i) die tyd toe dit geskiet is;

(ii) die afstandmeterlesing van die voertuig toe dit geskiet is;

(iii) die geskatte ouderdom daarvan;

(iv) die soort daarvan; en

(b) The report referred to in paragraph (a) shall contain full details concerning the causes which led to such action.

(6) The team leader of a game cropping team shall, within 10 days of the completion of a night cropping, submit a statement to the Director in which —

(a) the make and registration number of each vehicle used for this purpose;

(b) the odometer reading of each such vehicle at the beginning and at the end of the night cropping;

(c) the name of every person who took part in the night cropping as a driver or a marksman, light operator or helper on every vehicle referred to in paragraph (a);

(d) the place where the night cropping occurred and the duration thereof, as well as the number of the permit by which the night cropping was authorised;

(e) in respect of each marksman referred to in paragraph (c) —

(i) the calibre of every firearm used by such marksman and the number of rounds of ammunition fired by each such firearm;

(ii) the total number of buck shot by such marksman; and

(iii) the number of —

(aa) head shots;

(bb) neck shots;

(cc) body shots;

fired by such marksman; and

(f) in respect of every buck shot by every marksman referred to in paragraph (c) —

(i) the time at which it was shot;

(ii) the odometer reading of the vehicle when it was shot;

(iii) its estimated age;

(iv) its species; and

(v) die geslag daarvan en indien dit vroulik is ook —

(aa) of dit in melk was of nie;

(bb) of dit dragtig was of nie, en indien dit dragtig was ook die grootte van die fetus.

(7) Iemand wat nalaat om 'n verslag, opgaaf, besonderhede of inligting wat hy ingevolge hierdie regulasie moet verstrek of indien, aldus te verstrek of in te dien binne die tydperk wat daarvoor toegelaat is, of wat opsetlik valse besonderhede of inligting aldus verstrek, is aan 'n misdryf skuldig.

125. Elke toestemming wat ingevolge artikel 38 van die Ordonnansie verleen word om wild ooreenkomstig die bepalings van hierdie Hoofstuk te laat jag is onderhewig aan die voorwaarde dat die wild wat kragtens sodanige toestemming gejag mag word gejag moet word binne die tydperk wat die Direkteur bepaal en indien bedoelde wild aldus gejag word vir bemarking buite die Gebied ook aan die verdere voorwaardes —

(a) dat die karkasse van alle wild wat aldus gejag word deur die Adjunk-direkteur van Veeartseny-dienste in Suidwes-Afrika of iemand onder sy beheer deur hom daartoe aangewys geïnspekteer moet word binne die tydperk deur hom bepaal; en

(b) dat alle voorskrifte en opdragte wat in verband met die hantering van bedoelde karkasse en die ingewande daarvan uitgereik word deur die persoon wat die in paragraaf (a) bedoelde inspeksie uitvoer, streng nagekom moet word.

126. (1) 'n Nag-oes vind, indien die Direkteur aldus gelas, onder toesig van 'n natuurbewaarder plaas.

(2) 'n Natuurbewaarder onder wie se toesig 'n nagoes plaasvind kan te eniger tyd gedurende 'n nag-oes die toerusting van die wildoesspan wat daaraan deelneem en die bedrywighede wat op sodanige nag-oes betrekking het inspekteer en enige voertuig wat vir die doeleindes van sodanige nag-oes gebruik word, vergesel ten einde te bepaal of die bepalings van die Ordonnansie of hierdie regulasies of enige voorwaardes daarby of daarkragtens opgelê wat op sodanige nag-oes betrekking het, nagekom word.

(3) 'n Natuurbewaarder onder wie se toesig 'n nagoes plaasvind, kan —

(a) enige persoon wat na sy mening 'n gevaar inhou vir ander persone wat aan 'n nag-oes deelneem, by sodanige nag-oes belet;

(v) its sex and in the event of its being female —

(aa) whether it was in milk or not; and

(bb) whether it was pregnant or not, and in the event of its being pregnant also the size of the foetus.

(7) A person who neglects to supply or to submit a report, statement, details or information which he must supply or submit by virtue of this regulation within the time allowed therefor, or who purposefully thus supplies false details or information, is guilty of an offence.

125. Each permission granted by virtue of section 38 of the Ordinance to have game hunted in accordance with the provisions of this Chapter is subject to the condition that the game which may be hunted by virtue of such permission be hunted within the period of time the Director determines, and if the said game is thus hunted for marketing outside the Territory, also to the further conditions —

(a) that the carcases of all game hunted thus shall be inspected by the Deputy Director of Veterinary Services in South West Africa or someone under his control nominated thereto by him, within the period of time determined by him; and

(b) that all prescriptions and instructions issued in connection with the handling of the said carcases and their intestines by the person carrying out the inspection referred to in paragraph (a) shall be strictly complied with.

126. (1) Should the Director instruct it, a night cropping takes place under the supervision of a nature conservator.

(2) A nature conservator under whose supervision a night cropping takes place may at any time during a night cropping inspect the equipment of the game cropping team which takes part in it and the activities which have a bearing on such night cropping, and accompany any vehicle used for the purposes of such night cropping in order to determine whether the provisions of the Ordinance or these regulations or any conditions imposed thereunder or by virtue thereof which have a bearing on such night cropping, are complied with.

(3) A nature conservator under whose supervision a night cropping takes place may —

(a) prohibit any person he considers to be a danger to other persons taking part in a night cropping from being present at such night cropping;

(b) sodanige nag-oes te eniger tyd stopsit indien enige bepaling van die Ordonnansie of die regulasies, of enige voorwaarde by of kragtens die Ordonnansie of die regulasies opgelê wat op sodanige nag-oes betrekking het, nie nagekom word nie.

(4) 'n Natuurbewaarder bedoel in subartikel (3) moet enige optrede deur hom kragtens genoemde subartikel binne 12 uur daarna aan die Direkteur rapporteer.

127. (1) 'n Wildoesspan mag wild wat hy uit hoofde van 'n indiensneming bedoel in regulasie 119 of enige ander ooreenkoms of andersins vir of namens die eienaar of huurder van 'n plaas of grond moet jag, slegs in die nag jag.

(2) Die spanleier van 'n wildoesspan moet die registrasiesertifikaat of voorlopige registrasiesertifikaat, na gelang van die geval, wat aan sodanige wildoesspan uitgereik is voortdurend by hom hê terwyl sodanige wildoesspan met 'n nag-oes besig is en moet sodanige sertifikaat te enige tyd gedurende 'n nag-oes toon aan 'n natuurbewaarder wat hom versoek om dit te doen.

(3) 'n Lid van 'n wildoesspan aan wie 'n registrasiesertifikaat ingevolge hierdie Hoofstuk uitgereik is, moet sodanige registrasiesertifikaat voortdurend by hom hê terwyl hy aan 'n nag-oes deelneem en moet sodanige sertifikaat toon aan enige natuurbewaarder wat hom tydens so 'n nag-oes versoek om dit te doen.

(4) Daar mag —

(a) wanneer kleinwild gejag word, hoogstens 1 motorbestuurder, 1 skut, 2 lighanteerders en 2 helpers;

(b) wanneer grootwild gejag word, hoogstens 1 motorbestuurder, 1 skut, 2 lighanteerders en 4 helpers,

op enige voertuig wees wat aan 'n nag-oes deelneem: Met dien verstande dat —

(i) die bepalings van hierdie artikel nog die eienaar (of sy bestuurder) of die huurder van die plaas of grond waarop sodanige nagoes plaasvind, nog die spanleier of 'n assistent-spanleier van die betrokke wildoesspan, nog enige natuurbewaarder verbied om op sodanige voertuig te wees of toegelaat te word nie;

(ii) die spanleier van die betrokke wildoesspan met die voorafverkreë toestemming van die Direkteur die aantal ander persone wat die Direkteur goedkeur op enige sodanige voertuig mag toelaat.

(b) terminate such night cropping at any time should any provision of the Ordinance or the regulations, or any condition laid down under or by virtue of the Ordinance or the regulations which relate to such night cropping, not be complied with.

(4) A nature conservator referred to in subsection (3) shall report to the Director any action taken by him by virtue of the said subsection within 12 hours thereafter.

127. (1) A game cropping team may hunt game which it must hunt owing to an employment referred to in regulation 119 or any other agreement or otherwise for or on behalf of the owner or lessee of a farm or land only at night.

(2) The team leader of a game cropping team shall continuously have in his possession the registration certificate or provisional registration certificate, as the case may be, which has been issued to such game cropping team, while such game cropping team is carrying out a night cropping, and shall show such certificate to a nature conservator who requests him to do so, at any time during a night cropping.

(3) A member of a game cropping team to whom a registration certificate has been issued by virtue of this Chapter, shall always have such registration certificate in his possession while he is taking part in a night cropping, and shall show such certificate to any nature conservator who requests him to do so during a night cropping.

(4) There may be —

(a) no more than 1 car driver, 1 marksman, 2 light operators and 2 helpers when small game is hunted;

(b) no more than 1 car driver, 1 marksman, 2 light operators and 4 helpers when big game is hunted,

on any vehicle taking part in a night cropping: Provided that —

(i) the provisions of this section do not prohibit the owner (or his manager) or the lessee of the farm or land on which such night cropping takes place, the team leader or an assistant team leader from the game cropping team in question, or any nature conservator from being on or being allowed on such vehicle;

(ii) the team leader of the game cropping team concerned may with the previously-obtained permission of the Director allow the number of other persons approved by the Director on any such vehicle.

(5) Niemand mag te eniger tyd tydens 'n nag-oes 'n rewolwer of 'n pistool of 'n ander vuurwapen wat hy deur artikel 42 van die Ordonnansie verbied word om te gebruik by die jag van die wild wat tydens sodanige nag-oes gejag word, in sy besit hê of in of op enige voertuig onder sy beheer hê of toelaat nie.

(6) Die in regulasie 121(1)(f) bedoelde flikkerlig moet, behoudens die bepalings van die Ordonnansie op Padverkeer 1967 (Ordonnansie 30 van 1967) en die regulasies daarkragtens uitgevaardig en van krag, te alle tye wanneer 'n voertuig wat by 'n nag-oes gebruik word in die veld stilstaan, aangeskakel wees.

128. Die Uitvoerende Komitee kan te eniger tyd die registrasie van 'n lid van 'n wildoesspan intrek indien hy oortuig is dat sodanige lid tydens 'n nag-oes —

(a) onder die invloed was van sterk drank of 'n verdowingsmiddel wat 'n narkotiese uitwerking het;

(b) 'n wettige opdrag wat aan hom gegee is deur 'n natuurbewaarder of deur die spanleier of assistent-spanleier in beheer van sodanige wildoesspan, oortree of verontagsaam het;

(c) enige bepaling van die Ordonnansie of hierdie regulasies of enige voorwaarde van die toestemming waarkragtens die wild aldus gejag word of waaraan die registrasie van die betrokke wildoesspan onderworpe is, oortree het of versuim het om daaraan te voldoen;

(d) meer as 10% lyfskote geskiet het;

(e) valse inligting verstrek het vir of in enige opgawe of verslag wat by of kragtens die Ordonnansie of hierdie regulasies vereis word;

(f) roekeloosheid of nalatigheid waardeur die veiligheid van lewens of eiendom bedreig is of bedreig kon word, aan die dag gelê het.

(5) No-one may at any time during a night cropping have in his possession or have or allow in or on any vehicle under his control, a revolver or a pistol or another firearm which he is forbidden to use in hunting the game which is hunted during such night cropping.

(6) The flashing-light referred to in regulation 121(1)(f) shall, subject to the provisions of the Road Traffic Ordinance, 1967 (Ordinance 30 of 1967) and the regulations promulgated and in force by virtue thereof, be switched on at all times when a vehicle used in a night cropping is stationary in the veld.

128. The Executive Committee may at any time withdraw the registration of a member of a game cropping team if it is convinced that such member has, during a night cropping, —

(a) been under the influence of liquor or a drug having a narcotic effect;

(b) contravened or ignored a lawful instruction issued to him by a nature conservator or by the team leader or assistant team leader controlling such game cropping team;

(c) contravened or neglected to obey any provision of the Ordinance or these regulations or any conditions of the permission under which the game is thus hunted, or to which the registration of the game cropping team is subject;

(d) shot more than 10% body shots;

(e) supplied false information for or in any statement or report which is required under or by virtue of the Ordinance or these regulations;

(f) shown recklessness or negligence by which lives or property was jeopardised or could have been jeopardised."

Gedruk deur en verkrygbaar by
Die Suidwes-Drukkery Beperk,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
The Suidwes-Drukkery Beperk
P.O. Box 2196, Windhoek.
South West Africa.